

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** Klaag en dankbaarheid

**Skriflesing:** Klaagliedere 1:1-5 en 3:19-26, Lukas 17:11-19

### Broodjies vir die pad

“No to laugh, not to lament, not to detest, but to understand.”

— Benedict de Spinoza, Theological-Political Treatise

“Faith is a footbridge that you don't know will hold you up over the chasm until you're forced to walk out onto it.”

— Nicholas Wolterstorff, Lament for a Son

“To cry is human, but to lament is Christian.”

— Mark Vroegop, Dark Clouds, Deep Mercy: Discovering the Grace of Lament

Lament is how you live between the poles of a hard life and trusting God's goodness.

Lament is how we bring our sorrow to God—but it is a neglected dimension of the Christian life for many Christians today. We need to recover the practice of honest spiritual struggle that gives us permission to vocalize our pain and wrestle with our sorrow. Lament avoids trite answers and quick solutions, progressively moving us toward deeper worship and trust.

Exploring how the Bible—through the psalms of lament and the book of Lamentations—gives voice to our pain, this book invites us to grieve, struggle, and tap into the rich reservoir of grace and mercy God offers in the darkest moments of our lives.

“And what of regrets? I shall live with them. I shall accept my regrets as part of my life, to be numbered among my self-inflicted wounds. But I will not endlessly gaze at them. I shall allow the memories to prod me into doing better with those still living. And I shall allow them to sharpen the vision and intensify the hope for that Great Day coming when we can all throw ourselves into each other's arms and say, “I'm sorry.”

— Nicholas Wolterstorff, Lament for a Son

“In much of urban and Western civilization today, with no proper tragic sense of life, we try to believe that it is all upward and onward--and by ourselves. It works for so few, and it cannot serve us well in the long run--because it is not true. It is an inherently win-lose game, and more and more people find themselves on the losing side.”

— Richard Rohr, Falling Upward: A Spirituality for the Two Halves of Life

### Die mense wat my moet vergewe

*Met apologie aan Stephan Bouwer*

Die mense wat my moet vergewe

groei op my soos mossels.

So vaar ek deur die wêreld

met my swaar kombes.

En wanneer daar 'n slapelose nagwaak kom,

word die mense wat my moet vergewe

fantasieë vol vergiffenis,

tot die dag breek,

die realiteit self -

die mense wat my moet vergewe, het

my naam reeds lank vergeet.

*Marieta McGrath, 2022*

“The two duties are to lament or praise.”

— Theodore Roethke, Selected Poems

“Lament recognizes the struggles of life and cries out for justice against existing injustices. The status quo is not to be celebrated but instead must be challenged. If”

— Soong-Chan Rah, Prophetic Lament: A Call for Justice in Troubled Times

“For American evangelicals riding the fumes of a previous generation's assumptions, a triumphalistic theology of celebration and privilege rooted in a praise-only narrative is perpetuated by the absence of lament and the underlying narrative of suffering that informs lament.”

— Soong-Chan Rah, Prophetic Lament: A Call for Justice in Troubled Times”

“In the Christian community thankfulness is just what it is anywhere else in the Christian life. Only he who gives thanks for little things receives the big things. We prevent God from giving us the great spiritual gifts He has in store for us, because we do not give thanks for daily gifts. We think we dare not be satisfied with the small measure of spiritual knowledge, experience, and love that has been given to us, and that we must constantly be looking forward eagerly for the highest good. Then we deplore the fact that we lack the deep certainty, the strong faith, and the rich experience that God has given to others, and we consider this lament to be pious. We pray for the big things and forget to give thanks for the ordinary, small (and yet really not small) gifts. How can God entrust great things to one who will not thankfully receive from Him the little things? If we do not give thanks daily for the Christian fellowship in which we have been placed, even where there is no great experience, no

discoverable riches, but much weakness, small faith, and difficulty; if on the contrary, we only keep complaining to God that everything is so paltry and petty, so far from what we expected, then we hinder God from letting our fellowship grow according to the measure and riches which are there for us all in Jesus Christ.”

— Dietrich Bonhoeffer, *Life Together: The Classic Exploration of Christian Community*

## Wêrk beteken jy daag ook Maandae op

### *Martie Retief-Meiring*

Ons is die mini-Gift of the Givers, vertel die vrou. Ons kan nie boorgate boor nie, maar ons het lappe, besems, emmers. Sy laat alles soos ’n Sondagpieknik klink.

Oor die 100 mm het laasweek in ons kontrei gereën. Kwaai dakdreun-reën. Die “mini-Gift of the Givers” bel: Komberse? Blikkieskos? Dis vir die uitgestrekte nimmereindigende Mitchells Plain en al die satellietdorpië. “As dit nie vuur is nie, is dit water,” lag die kombers-en-blikkieskos-soeker. “Jy hol sommer deur die strome om jou drywende ketel te probeer red.”

Ek weet nie waar die opgeruimdheid vandaan kom nie. Dalk skop die lighartigheid in wanneer ’n ramp oorweldigend begin lyk. Die werklikheid is op die oog af ’n onoplosbare probleem.

Soos met ons vriendin in Mitchells Plain. Sy praat van die “inval” in die reeds yslike buurt. Nou trek die sink-en-houthuisies amper tot teenaan Valsbaai. Die mense kom van elders. Hulle soek werk wat daar nie is nie. Dikwels is daar kinders ook – veral babatjies. Sy weet nie waarheen die wêreld op pad is nie, jitte.

Hier by ons eet ons outydse dik boontjiesop. Ons dink die wêreld is op pad afgrond toe. Dis Covid, dis die ANC, dis die VSA, dis Wladimir Poetin en nou is dit ook Phala Phala. Ons dink die genies, gehoës en seer kuite is lang Covid, want dit is darem iets wat geblameer kan word. Vlieg het riskant geword, met besprekings en pryse ’n nagmerrie. Soos die parlement wat ’n belaglikheid geword het. Ons praat onself die donkerte in.

Tog, straataf, gebeur daar dinge.

Aunty Sophie is ’n soort kuns-koöperasie. Lekker koffie, roosterkoek en gaar kos word buite bedien. Fietsryers, stappers, toeriste en alleenlopers doen aan. Die gebou self, lank betwis en deur die stadsraad en ander belangegroepes bottoe gehou, is toe wonderbaarlik geopen en huisves nou ’n miernes van bedrywighede. Kleure, teksture, vroue agter masjiene, met breinaalde, ’n klein maar indrukwekkende kunsuitstalling. Die vroue lag, terg en wys hul mooi goed af.

Aunty Sophie is deel van ’n wye informele netwerk wat mense help om vaardighede te bemeester. Hulle gee sin aan die woord bemagtiging.

’n Kerkgroep het ’n gewilde program: mense word geleer om te werk. Te wêrk? Werk is meer as werk. Dit is ’n ingesteldheid, belangstelling, toewyding, hand aan die ploeg slaan. Dis beplanning. Hoeveel kos die krale, hoe lank werk jy daaraan, hoeveel ware verkoop jy, hoeveel moet jy verdien om ’n wins te toon? Werk is om elke dag te doen, te beplan, te geniet. Werk beteken jy leer iets doen, goed doen en gereeld doen. Jy leer dat dit belangrik is om Maandae ook te werk!

’n Deel van hierdie netwerk is die regmaak, skoonmaak en verkoop van tweedehandse skooluniforms. Dis ’n lonende bedryf.

Vuur en water is dalk deel van die lewe, maar daarmee saam is daar ’n netwerk van selfdoeners oor die land heen. Groot geld is daar nie, net genoeg. Wroeg oor die toekoms?

Daar’s gewoon nie tyd daarvoor nie.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/martie-retief-meiring-werk-beteken-jy-daag-ook-maandae-op-20220623>

## Brood vir die pad

### Ons erfenis - Is dit rede vir dank of skuldbelydenis?

#### RRV

In sy monumentale boek *La mémoire, l’histoire, l’oubli* (in Engels vertaal as *Memory, History, Forgetting*) wy die Franse filosoof Paul Ricoeur ’n diepsinnige bespreking aan die nut en misbruik van herinnering. Hy onderstreep onder meer hoe ons omgang met die verlede in diens staan van ons soeke na identiteit en ons aandrag op die herkenning daarvan, dikwels op ’n wyse wat ons opstel teenoor diegene wat ons meen ons identiteit bedreig. In hierdie konteks merk Ricoeur op dat wat ons herdenk en vier as gebeurtenisse wat ons gemeenskappe of tradisies begrond meestal met geweld of oorlog verbind kan word. Hy skryf: “The same events are thus found to signify glory for some, humiliation for others. It is in this way that real and symbolic wounds are stored in the archives of collective memory.”

Ricoeur se waarneming beklemtoon dat die herinnering aan historiese gebeurtenisse, figure en tekste uiteenlopende – en ook teenoorstaande – gevoelens en reaksies by mense kan opwek. Wat een persoon of groep onthou as ’n glorieryke hoogtepunt, is weer vir ’n ander ’n wond in die geheue. Wie vir sommige ’n held is, is weer vir ander ’n skurk. Een se heilige is ’n ander se ketter. Ook tekste wat sommige as bevrydend en lewegewend beleef, word weer deur ander as bedreigend of skadelik beskou.

Dié realiteit van verdelende en botsende herinneringe kan maklik tot groter isolasie, polarisasie en selfs geweld aanleiding gee. Daarom die waarde daarvan om naas die positiewe waardering vir ons eie kulturele en godsdienslike erfenis ook sensitief te wees vir hoe dit deur ander ervaar word. ’n Eerlike omgang met ons veelduidige erfenis kan daarom vra vir danksegging én skuldbelydenis.

In die proses kan die besef hopelik ook groei dat ons nie net ’n verdelende maar ook ’n gedeelde geskiedenis het. In die verband mag ’n opmerking van Michael Rothberg in sy boek *Multidirectional Memory* van waarde wees. Teenoor ’n verstaan van ons onderskeie konstruksies van die verlede as van ’n uitsluitende en kompeterende aard met duidelike wenners en verloorders, lewer hy ’n pleidooi vir herinnering wat in meerdere rigtinge vloei. Só ’n houding teenoor ons kollektiewe verlede in multikulturele kontekste word nie gekenmerk deur afstand en afgrensing nie, maar eerder deur “ongoing negotiation, cross-referencing, and borrowing”.

Maar, kan ons byvoeg, om oor ’n gedeelde geskiedenis te praat op ’n wyse wat soek na moontlike ontmoetingsruimtes, verrykende eiesoortighede en produktiewe raakvlakke vra nie net vir ’n visie van ’n gedeelde verlede nie, maar ook vir een van ’n gedeelde toekoms.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-ons-erfenis-is-dit-rede-vir-dank-of-skuldbelydenis-20220924>